Maar God…

Vriende/Bidders

Elke Desember is tyd om te besin. Dit is so belangrik om tyd te maak daarvoor. Te dikwels gaan ons net van dag tot dag aan, maar ons dink nie mooi oor waarmee ons ons besig hou nie. Hier is ‘n paar vrae wat dalk kan help:

- Is dit waarmee ek besig is, die beste gebruik van my tyd?
- Is daar dinge wat ek doen wat ander beter kan doen of wat ander eintlik moet doen?
- Is daar dinge wat ek doen vir die eer daarvan of vanuit jaloesie, maar nie omdat dit ‘n opdrag van God is nie?
- Sal ek aan die einde van my lewe voel dat die dinge waarmee ek nou besig is, dinge is wat regtig ‘n verskil gemaak het in mense se lewens?

Dit is maar net enkele vrae. Maar dit kan help as ‘n beginpunt om jou te help besin oor waar jy is en waarheen jy op pad is. Moenie bang wees om ‘n koersaanpassing te maak indien dit nodig is nie en moet ook nie bang wees om te erken dat (indien dit die geval is) jy nie op die regte plek is nie.

Daar is ook situasies waar mense voel hulle is op die verkeerde plek omdat dit moeilik gaan en daar weerstand is. Weerstand en moeilike situasies is nie noodwendig ‘n aanduiding dat jy op die verkeerde plek is nie. Moenie uit jou situasie weggaan indien jy nie doodseker is nie.

Daar is vandag net doodgewoon te veel mense wat sê hulle voel die Here sê hulle seisoen by ‘n spesifieke plek is nou verby en dan stop hulle alles en gaan sit iewers en wag - meestal sonder inkomste. Gewoonlik is hulle dan verward en rigtingloos.

God is egter nie verward en rigtingloos nie. Wees versigtig vir radikale besluite, beweeg net wanneer God duidelik lei, ‘n nuwe deur oopmaak, luister na mense wat geestelik volwasse is en ervaring het wat saam met jou kan bid en die verandering ondersteun.

Lees weer Fil.4:17. Paulus skryf aan Argippus en sê vir hom om die werk wat God hom gegee het klaar te maak. Te dikwels stop ons voordat die werk klaar is.

Die gebedsfokusse vir die volgende 4 maande is die volgende:

- Dwelms en die gevolge daarvan (Desember).
- Intimiteit met God en intersessie (Januarie en Februarie).
- Die sosiale verantwoordelikheid van die kerk. Hier gaan dit o.a. oor die verantwoordelikheid van die kerk om profeties in die land op te tree (Maart).

Al Desember en Maart se gebedsonderwerpe is geweldige uitdagings en vra baie gebed. Vra die Vader om deur die Heilige Gees Sy beloftes en opdragte vanuit die Skrif vir jou te wys sodat jy met wysheid, insig en vrymoedigheid kan bid. Januarie en Februarie se fokusse is om individue in hulle persoonlike verhouding met God te versterk en om ons te help om geestelik te groei in ons gebedslewe en verhouding met God.

Mag die Kerstyd vir jou ‘n spesiale tyd wees. Mag jy Jesus op ‘n nuwe manier ontmoet. Mag jy deur die Heilige Gees op ‘n nuwe manier die opstandingskrag van die Here Jesus beleef. Mag dit wees dat wanneer jy Jesus in die krip sien, jy Hom ook as die Oorwinnaar sal sien wat die Bose oorwin het, ons van ons sonde verlos het en ons wil toerus om die hoop van verlossing na die nasies te neem.

En oorweeg dit sterk om die boek *Radical* van David Platt te lees.

Bennie Mostert

Besturende Direkteur: *Jerigo Mure Internasionale Gebedsnetwerk*
Ef.3:20

Het u geweet?

Een man se reis vanaf ateïsme en towery na Jesus Christus

Wie sou kon dink dat 'n ateïs wat op 5 jaar hasies vir pret doodgemaak het, 'n alkoholis was op 15, 'n dwelmslaaf op 17 en 'n kliniese psigopaat op 18; die Here sou ontmoet en uiteindelik 'n multimiljoenrand sagteware maatskappy sou stig. Bob Williamson skryf sy wegdraai van sy lewe as dwelmslaaf na entrepreneurskap toe aan Jesus. Voor hy Jesus ontmoet het, het die nou 64 jaar oue sakeman net met woede aan die Here gedink. Hoe kon 'n God van liefde soveel pyn in sy lewe toelaat, was sy standaard vraag? Williamson het eerstehands die dubbele standaarde van die kerk beleef. 'Ek het in daardie stadium aan Satan geglo en het baie sukses gehad deur vloeke op mense te plaas en dit het gewerk.' Toe volg 'n kop-aan-kop botsing wat hom voor die poorte van die dood laat omdraai het. Na sy eerste poging om die Bybel te lees, het 'n verpleegster vir hom een van haar eie Bybels gegee. Hy het die onderstreepte teksverse in die Nuwe Testament raakgesien, dit het sy hart verander en hy het 'n Christen geword. Aan die begin, as jong Christen, was die lewe vir hom moeilik. In 2008 het hy sy maatskappy vir R500 miljoen kontant verkoop en die transaksie beklink net voordat die aandelemark in duie gestort het - iets waarvoor hy die Here krediet gee. (Volledige verhaal: http://tinyurl.com3nbnpka).

Die Boodskap 10de Lesersherdenkingsuitgawe

Dit is nou tien jaar sedert die eerste volledige uitgawe van Die Boodskap verskyn het en NavPress herdenk hierdie geleentheid met 'n paar beperkte uitgawes. In sy oorspronklike formaat, sonder teksaanduidings, lees hierdie uitgawe van die Bybel soos 'n storie. Webruimte: http://www.navpress.com of e-pos: email@navpress.messages4.com

Bybelvertaling

TheWordisLife.net verteenwoordig 'n wêreldwye vennootskap van mense uit baie nasies. Daar is bykans 6 900 tale wat nog aktief gepraat word. Meer as 2 300 taalgroepe het minstens 'n gedeelte van die Bybel in hulle eie taal. Vandag het bykans 340 miljoen mense wat 2 078 tale praat, niks van die Bybel beskikbaar in hulle eie taal nie, ook is daar geen vertaling in die pyplyn nie. Daar is meer as 2 025 aktiewe vertaalprojekte. Daar word gewerk aan oudio- en videoskrifgedeeltes in honderde tale. Skrifvertaling moet nog in meer as 2 078 tale gedoen word voordat hierdie gemeenskappe toegang tot die Bybel of gedeeltes van die Bybel in enige formaat beskikbaar sal hê. Die meeste van die taalgroepe wat nog die Here se Woord nodig het, is praatkulture en hulle het die Skrif in verskillende formate nodig. Daar is ook dowe taalgroepe. Al hierdie groepe het nog nodig om te verstaan dat die Here se boodskap van hoop ook vir hulle bedoel is. Wil jy betrokke raak? Besoek: www.thewordislife.net

Wat, waar en wanneer

NASIONAAL

6 tot 13 Januarie 2012: Biblical Worldview Summit in Kaapstad

'n Christenleierskapopleidingskursus vir mense tussen 15-25 wat hulle leefwêreld wil verander deur die Koningskap van Jesus Christus in elke area van hulle lewens toe te pas en uit te leef. Om by te woon, kontak: The Summit. Posbus 74, Newlands, 7725. Tel.: 021 689 4480 of faks: 021 685 5884. Webruimte: www.frontline.org.za of e-pos: admin.@frontline.org.za

27 tot 29 Januarie 2012: Die 14de Jaarlikse Soedan-gebedskamp
Die 14de Jaarlikse Soedan-gebedskamp vind plaas in Pretoria, Suid-Afrika.
Vir meer inligting kontak Norman Johnson. Tel: 012 460 7877 of sel.: 083 301 6290.
E-pos: norman@sudanpartners.org
Ongelukkig is daar GEEN befondsing beskikbaar vir diegene wat dit wil bywoon nie.

INTERNASIONAAL
14 tot 18 Mei 2012: World Prayer Assembly (WPA) – Jakarta, Indonesië
Die WPA beplan om gebedsleiers, intersessors, kerk- en markpleinleiers, kinders en die jeug bymekaar te bring vir die groei van voortdurende interaktiewe wêreldwye gebedsbewegings ten einde Habakuk 2:14 in vervulling te sien kom: "So sal die magtige teenwoordigheid van die Here oral op die aarde geken word." Webruimte: www.ipcprayer.org of e-pos: office@ipcprayer.org

Wat is aanlyn?

http://incontext.webs.com/startaprayergroup.htm
Verander die Wêreld een gebed op 'n keer. Begin 'n INcontext-gebedsgroep in jou kerk, dorp, skool of vriendekring om spesifiek te bid vir die nasies van die Wêreld in konteks met sending, lopende nuusgebeure en wêreldbehoeftes. INcontext verskaf 'n gebedsgroepfasiliteerder met 'n maandelikse 'gebedsagenda' wat in jou gebedsbyeenkoms gebruik kan word. Vir meer inligting sien: http://incontext.webs.com/startaprayergroup.htm helga@incontextministries.org

http://www.rose-publishing.com
Uitstekende materiaal vir gebruik in PowerPoint-aanbiedings, Sondagskoolklasse, ens. skryf in op die Free Weekly Bible eCharts op bogenoemde webruimte. Elke Maandag ontvang jy 'n skakel in jou e-pos vir nog 'n gratis eChart wat jy kan aflaai, gebruik en versprei.

http://www.globalprayer365.com
GlobalPrayer365 verenig mense om vir die wêreld te bid. Teken in, bespreek 'n tydgleuf waarin jy wil bid (dit kan eenmalig wees of op 'n gereelde basis) en word 'n skakel in die ketting. Sluit aan as individu of mobiliseer 'n groep om te bid. Jy kry vars gebedsinligting wat deur toonaangewende sendinggenootskappe verskaf word.

http://ministry-to-children.com
Die webruimte huisves 'n groot hoeveelheid gratis materiaal vir kinderbedienings. Van die gewildstes is: Bybellesse vir kinders, gratis inkleurblaaie, idees vir speletjies vir kinders en meer as 1 100 gratis artikels en hulpbronne. Help jou kinders om te begin bid vir hulle klein boeties en sussies in die Vervolgde Kerk vandag.

www.bybelgenootskap.co.za
Aanvaar die uitdaging om die Bybel vanjaar deur te lees saam met miljoene Christene wêreldwyd. Laai die E100 Leesrooster af by hierdie webruimte of skakel 021 910 8705 vir pamflette.

http://m.bibles.co.za
Laai vandag nog die Bybel in die taal van jou keuse gratis af op jou selfoon of op die selfoon van iemand wat nie 'n eie Bybel besit nie! Die volgende vertalings is tans beskikbaar – Afrikaans 1933/53-, 1983-vertaling; Engels King James Version; Noord-Sotho 1951-vertaling; Suid-Sotho 1909-vertaling in standaard ortografie; Tsonga 1929-vertaling; Tswana 1908-vertaling of 1970 hersiene vertaling; Xhosa 1975-weergawe of 1996-vertaling en Zulu 1893-vertaling, 1959-vertaling of die Nuwe Testament en Psalms 1986-vertaling. Kies of jy die volledige Bybel in een, vier of agt dele wil aflaai (met sekere

selfone kan die Bybel net in vier of agt dele afgelaai word). Help die Bybelgenootskap om meer Bybels beskikbaar te stel deur hierdie projek.

http://prayercast.comwhat-is-prayercast
Gebedsinligting deur aanlyn mediahulpbronne wat die nood van die wêreld beklemtoon, is daarop gemik om die Liggaam van Christus te voorsien van uitdagende en aangrypende inligting vir strategiese intersessie. Dit is gratis beskikbaar en kan afgelaai word. Die webblad kan wêreldwyd besoek word deur individue, groepe en gemeentes.

Pray 52

'n Jaar van ononderbroke gebed 5 September 2011 – 2 September 2012
Ononderbroke gebed vir die kerk en deur die kerk 52 weke lank in 52 lande met Christenminderhede

Waarom 'n jaar van ononderbroke gebed?
Omdat ons buitengewone omstandighede in hierdie nasies beleef is ononderbroke gebed nodig. Omdat ons buitengewone beloftes het vir buitengewone omstandighede. En omdat die Here se beloftes beskikbaar is vir diegene wat deur gebed kom om vir Hom te vra vir die vervulling van hierdie beloftes. Baie bid reeds, maar ons moet opnuut met nuwe geloof en desperaatheid vir hierdie lande bid.
Strategie:
Elke week word twee lande gevra om alle Christene in daardie land te mobiliseer om in die bres te tree en vir hulle eie land te bid: Nasionale Christene, buitelandse Christene, sendelinge en sendinggenootskappe wat in die land werk en kerke wat sendelinge in hierdie lande ondersteun. Elke land word aangemoedig om 2 weke te neem vir buitengewone en ononderbroke gebed vir hulle land, een week elke ses maande.
Prakties:

- Moedig gelowiges aan om in groter groepe bymekaar te kom (waar moontlik) vir verlengde gebedstye.
- Moedig gelowiges aan om nuwe gebedskamers of gebedswagte te begin sodat al 168 ure van die week deur gebed gedek kan word.
- Moedig Christene aan om ander lande te vra om gebedspanne na daardie lande te stuur gedurende die spesifieke week.
- Elke land maak gebruik van elke moontlike metode om die kerk in hulle eie land te mobiliseer.

Gebedsfokus vir die eerste 6 maande: Die kerk
Vestiging van nuwe gelowiges in Christus. (Fil.4:19).
Redding van ongereddes en 'n kerk wat Matt.28:19-20 ernstig opneem.
'n Uitstorting van die Gees van Gebed en Smeking op die kerk (Sag.12:10).
Dat die Here die kerk sal vul met die krag van die Heilige Gees (Hand.4:28-31; Ef.5:18).
Dat die kerk sal uitreik na die armes en behoeftiges sowel as die sosiale nood en pyn in hulle gemeenskappe. (Ef.2:10; Jes.58).

Gebedsfokus vir die tweede 6 maande: Goddelike leierskap in die kerk en die vestiging van die Koninkryk van God in al die sfere van die gemeenskap
1. Kerk: Vir dienskneg-leiers en toegewyde gelowiges wat die Koninkryk van God sal soek. (Matt.6:33).
2. Regerings / Politiek: Vir leiers van geregtigheid en dat korrupsie geopenbaar sal word. (Spr.14:34).

3. Ekonomie / Sakesektor: Vir mense om sake met integriteit te doen en dat armes en behoeftiges gehelp sal word. (Jes.58; Matt.5:16).
4. Opleiding: Dat jongmense effektief opgelei sal word vir die lewe en nie besoedel sal raak met goddelose waardes nie. (Spr.2-4; Ps.119:8; 1 Tess.4:1-8).
5. Vir kuns, Vermaak, Media/Kommunikasie: Om vry te wees van immoraliteit en goddeloosheid. (2 Tim.3:1-17).
6. Die herstel van gesinne. (Ef.5:22-6:4).
Kontak: pray52@supermail.co.za / Inligting ook beskikbaar in Arabies, Frans en Farsi.

Skedule
Week 1/27 – Marokko / Azerbeidjan (2-8 Sept 2011 & 2-8 Maart 2012)
Week 2/28 – Egipte / Albanië (9-15 Sept 2011 & 9-15 Maart 2012)
Week 3/29 – Algerië / Gambië (16-22 Sept 2011 & 16-22 Maart 2012)
Week 4/30 – Jemen / Guinee-Bissau (23-29 Sept 2011 & 23-29 Maart 2012)
Week 5/31 – Saoedi-Arabië / Guinee (30 Sept - 6 Okt 2011 & 30 Maart - 5 April 2012)
Week 6/32 – Verenigde Arabiese Emirate / Oesbekistan (7-13 Okt 2011 & 6-12 April 2012)
Week 7/33 – Sirië / Iran (14-20 Okt 2011 & 13-19 April 2012)
Week 8/34 – Tunisië / Broenei -Drussalam (21-27 Okt 2011 & 20-26 April 2012)
Week 9/35 – Irak / Kazakstan (28 Okt. - 3 Nov 2011 & 27 April - 3 Mei 2012)
Week 10/36 – Mauritanië / Bangladesj (4-10 Nov 2011 & 4-10 Mei 2012)
Week 11/37 – Libië / Burkina Faso (11-17 Nov 2011 & 11-17 Mei 2012)
Week 12/38 – Iran / Tadjikistan (18-24 Nov 2011 & 18-24 Mei 2012)
Week 13/39 – Israel / Turkmenistan (25 Nov - 1 Des 2011 & 25-31 Mei 2012)
Week 14/40 – Jordanië / Tsjad (2-8 Des 2011 & 1-7 Jun 2012)
Week 15/41 – Oman / Togo (9-15 Des 2011 & 8-14 Mei 2012)
Week 16/42 – Koeweit / Senegal (16-22 Des 2011 & 15-21 Mei 2012)
Week 17/43 – Libanon / Sierra Leone (23-29 Des 2011 & 22-28 Mei 2012)
Week 18/44 – Palestina / Somalië (30 Des 2011 - 5 Jan 2012 & 29 Mei - 5 Jun 2012)
Week 19/45 – Turkye / Gaboen (6-12 Jan 2012 & 6-12 Jul 2012)
Week 20/46 – Soedan / Comore-eilande (13-19 Jan 2012 & 13-19 Jul 2012)
Week 21/47 – Kameroen / Niger (20-26 Jan 2012 & 20-26 Jul 2012)
Week 22/48 – Bahrein / Katar (27 Jan - 2 Feb 2012 & 27 Jul - 2 Aug 2012)
Week 23/49 – Afghanistan / Maledive (3-9 Feb 2012 & 3-9 Aug 2012)
Week 24/50 – Pakistan / Mali (10-16 Feb 2012 & 10-16 Aug 2012)
Week 25/51 – Maleisië / Nigerië (17-23 Feb 2012 & 17-23 Aug 2012)
Week 26/52 – Indonesië / Ivoorkus (24 Feb - 1 Maart 2012 & 24-31 Aug 2012)

Fokus op die *One Day in the Gap*-inisiatief

Die nood
Ons woon 'n land wat die Here se ingryping nodig het. Ons leef in uitdagende tye wat al hoe meer uitdagend raak. Die kerk het 'n kragtige boodskap, maar die kerk het weinig invloed op die samelewing.

Die kerk as 'n huis van gebed
Jesus het die kerk gedefinieer as 'n huis van gebed (Matt.21:13). Die belangrikste opdrag vir die werk van die kerk is gebed. Die Bybel en geskiedenis leer ons dat wanneer die kerk bid, die Here kragtig werk. Maar wanneer die kerk nie bid nie, is die teenoorgestelde waar.

Herlewings in die verlede en huidige herlewings en die transformasie van gemeenskappe en lande gee vir ons die hoop en die versekering dat die Here vandag nog steeds vernuwe, genees, herstel en versoen. Elke poging deur Christene om positiewe verandering te bring, is sekondêr tot gebed. Ons moet meer doen as net bid, maar ons kan nie meer doen as ons nie bid nie. Die geskiedenis bewys dit. 'n Kerk wat bid is 'n kerk wat altyd die krag van die Here beleef. Die kerk se grootste behoefte is dat individuele Christene en kerke sal bid. Wanneer 'n kerk bid, beleef daardie kerk die kragtige werking van die Heilige Gees en verander dinge wat nooit deur menslike pogings verander kan word nie.

Wat gaan ons gebedsfokus wees?
Vir 'n sigbare geestelike herlewing in die kerk.
Vir die kragtige werking van die Heilige Gees in en deur die kerk.
Vir die nood en pyn in ons land en vir die armes en behoeftiges.
Vir die miljoene ongeredde mense.

'n Eenvoudige gebedstrategie
Om 'n jaar van ononderbroke gebed vir ons land te hê.
Die vereniging van plaaslike kerke en Christelike organisasies om vir die land te bid.
Om plaaslike kerke aan te moedig om minstens een dag (vir 24 uur) te bid, enige dag tussen 1 September 2011 en 31 Augustus 2012.

One Day in the Gap
Ons moedig gemeentes, skole, gebedsgroepe, Bybelstudiegroepe, ens. aan om een dag te neem en 24 ure lank te bid (of minstens vir soveel uur as moontlik op daardie dag). Ons doen 'n beroep op Christene in die markplein om bidure by hulle werksplekke te hou. En waar moontlik, om meer as een dag te neem afhangende van elkeen se omstandighede. Sommige kerke mag bv. 3 dae of 7 dae neem, ens. Sommige sal dalk elke kwartaal Een Dag in die Bres wil staan. Dit is vry vir elke kerk om te besluit hoe hulle dit wil doen.

Gebed vir herlewing begin wanneer ons vir mekaar bid

'n Vriend het my vertel van 'n tyd toe hy as opsigter in 'n groot kantoorblok gewerk het. Een aand, nadat almal al huis toe is, kry hy die Hoof Uitvoerende Beampte van die maatskappy in sy kantoor met 'n ondraaglike rugpyn. Hy vertel hom toe hoe die Here hom van 'n soortgelyke probleem genees het. Die sakeman was verbaas oor sy geloof en ondervinding met die Here. My vriend het dadelik van die geleentheid gebruik gemaak en gevra: "Kan ek sommer nou vir jou bid?" Die sakeman het geantwoord: "Wel, ek dink so as jy dink dit sal my goed doen.' My vriend het toe sy hand op sy kop gesit en vir hom gebid. Niks dramaties het gebeur nie, maar toe hy by die deur uitgaan het die sakeman gesê; "Jy weet, ek dink dit is die eerste keer dat iemand ooit vir my gebid het. Dankie."

Het jy al vandag vir iemand gebid? Kom ons kyk na 'n paar praktiese maniere oor hoe om vir mense te bid. Jy hoef nie elke keer letterlik jou hande op iemand te lê nie, jy kan doodgewoon net vir die persoon bid. Hier volg 'n paar riglyne uit die Woord om ons te help wanneer ons bid. Wil jy dit nie oorweeg om dit uit te druk en op jou badkamerspieël te plak en jou dag so in gesprek met Hom te begin nie? Hier is 30 dinge wat jy vir die Here kan vra wat jou sal help om oor die volgende 30 dae in jou eie geestelike lewe te groei.

Wat moet ons vir mekaar doen? Die volgende is God se opdragte vir ons …dit is nie voorstelle nie!

God van standvastigheid en bemoediging, leer my om te AAVAAR…

Rom.15:5-7: En mag God, die bron van alle standvastigheid en bemoediging, gee dat julle eensgesind onder mekaar sal wees … Aanvaar mekaar dan, soos Christus julle ook aanvaar het, tot eer van God.

God wat vergewe, leer my om GOEDGESIND te wees …

Ef.4:32: Wees goedgesind en hartlik teenoor mekaar, en vergewe mekaar soos God julle ook in Christus vergewe het.

Jesus Christus, leer my om MY EIE LEWE AF TE LÊ …

1 Joh.3:16: Hiéraan weet ons wat liefde is: Jesus het sy lewe vir ons afgelê. Ons behoort ook ons lewens vir ons broers af te lê.

Vriendelike en geduldige God, leer my om ANDER TE VERDRA …

Ef.4:2: Wees altyd beskeie, vriendelik en geduldig, en verdra mekaar in liefde.

Heilige Here, leer my om EERBIEDIG TEENOOR ANDER TE WEES ...

Rom.12:10: Betoon hartlike broederliefde teenoor mekaar; bewys eerbied teenoor mekaar …

Here, U is liefde, leer my om LIEF TE HÊ…

Joh.13:34: Ek gee julle 'n nuwe gebod: julle moet mekaar liefhê. Soos Ek julle liefhet, moet julle mekaar ook liefhê. Joh.15:12: Dit is my opdrag: Julle moet mekaar liefhê soos Ek julle liefhet. Joh.15:17: Dit beveel Ek julle: Julle moet mekaar liefhê! 1 Pet.1:22: Noudat julle julle in gehoorsaamheid aan die waarheid gereinig het om mekaar as broers ongeveins lief te hê, moet julle mekaar dan ook van harte en vurig liefhê.

Heilige, wonderlike God, leer my om ONDERDANIG TE WEES …

Ef.5:21: Wees uit eerbied vir Christus aan mekaar onderdanig.

Here en Leermeester, leer my om ook so ANDER SE VOETE TE WAS…

Joh. 13:14: As Ek, wat julle Here en julle Leermeester is, dan julle voete gewas het, behoort julle ook mekaar se voete te was.

Jesus Christus, leer my om ANDER SE LASTE TE DRA…

Gal.6:2: Dra mekaar se laste, en gee op dié manier uitvoering aan die wet van Christus.

Liefdevolle Vader, leer my om ANDER OP DIE REGTE WEG TE HELP …

Rom.15:14: My broers, ek is self maar alte bewus dat julle vol goeie hoedanighede is en omvattende kennis besit, en dat julle mekaar self op die regte weg kan help.

Heilige Here leer my om MY SONDES TE BELY …

Jak.5:16: Bely julle sondes eerlik teenoor mekaar en bid vir mekaar, sodat julle gesond kan word. Die gebed van 'n gelowige het 'n kragtige uitwerking.

Jesus, U het mens geword, leer my om ook so ANDER TE DIEN …

Gal.5:13: Julle, broers, julle is tot vryheid geroep. Moet net nie julle vryheid misbruik as 'n verskoning om sonde te doen nie, maar dien mekaar in liefde.

Magtige God, Raadgewer, leer my om ANDER TE TROOS …

1 Tess.4:18: Troos mekaar dan met hierdie woorde.

Emmanuel, God met ons, leer my om ANDER TE BEMOEDIG …

1 Tess.4:18 (OAV): Bemoedig mekaar dan met hierdie woorde.

Rein en heilige God, leer my om daagliks TE VERMAAN …

Heb.3:13(OAV): Maar vermaan mekaar elke dag so lank as dit vandag genoem word, sodat niemand van julle deur die verleiding van die sonde verhard word nie.

Vader in die hemel, leer my om te VERGEEF …

Ef.4:32: Wees goedgesind en hartlik teenoor mekaar, en vergewe mekaar soos God julle ook in Christus vergewe het.

Heilige Here wat op die troon sit, leer my om saam met ander GEESTELIKE LIEDERE VIR U TE SING…

Ef.5:19: …en sing onder mekaar psalms, lofgesange en ander geestelike liedere; sing met julle hele hart tot eer van die Here.

Jesus, ons Intersessor, leer ons om dit wat op U HART is vir ander TE BID …

Jak.5:16: Die gebed van ‘n gelowige het ‘n kragtige uitwerking.

God van troos, leer my om ANDER AAN TE SPOOR…

Heb.10:24: Laat ons ook na mekaar omsien deur mekaar aan te spoor tot liefde en goeie dade.

Regverdige Regter, leer my OM NIE TE OORDEEL NIE …

Rom.14:13: Laat ons dan mekaar nie meer oordeel nie, maar besluit dít liewer, om nie vir die broeder ‘n hindernis of struikelblok in die weg te lê nie.

El-Shaddai, algenoegsame God, leer my OM NIE AFGUNSTIG TE WEES NIE …

Gal.5:15: Maar julle byt en verskeur mekaar; pas op dat julle mekaar nie later heeltemal verslind nie.

Prins van Vrede, leer my om ander nie KWAAD TE MAAK NIE …

Gal.5:15: Maar julle byt en verskeur mekaar; pas op dat julle mekaar nie later heeltemal verslind nie.

God van waarheid, leer my OM NIE VIR ANDER TE LIEG NIE …

Kol.3:9: …en moenie vir mekaar lieg nie. Julle het met die ou, sondige mens en sy gewoontes gebreek.

God van vergelding, leer my om ANDER NIE TE BEDRIEG NIE …

1 Tess.4:6: Ook mag niemand hom in hierdie verband te buite gaan en sy broer bedrieg nie, want die Here straf al sulke dinge. So het ons julle trouens al vroeër gewaarsku; ons het julle nadruklik hierop gewys.

Regverdige God, leer my om my aan geen VOOROORDEEL OF PARTYDIGHEID skuldig te maak nie …

1 Tim.5:21: Ek beveel jou voor God en voor Christus Jesus en die uitverkore engele om jou aan hierdie voorskrifte te hou sonder vooroordeel of partydigheid.

God wat niemand versoek nie, leer my ook om nie ‘n STRUIKELBLOK VIR ANDER TE WEES NIE …

Rom.14:13: Laat ons mekaar dan nie meer veroordeel nie. Neem julle liewer voor om niks te doen wat jou broer kan aanstoot gee of tot ‘n val kan bring nie..

Jesus, leer my om ook die ANDER WANG AAN TE BIED …

Luk.6:29: As iemand jou op die een wang slaan, bied hom ook die ander een aan. En vir iemand wat jou boklere vat, moet jy ook jou onderklere nie weier nie.

Almagtige God, leer my OM NIE U NAAM TE MISBRUIK NIE …

Deut.5:11: Jy mag die Naam van die Here jou God nie misbruik nie, want die Here sal dié een wat sy Naam misbruik, nie ongestraf laat bly nie.

Vader van die vaderlose, leer my om vir WEDUWEES EN WEESKINDERS TE SORG …

Jak.1:27: Egte en suiwer godsdiens voor God die Vader is om weeskinders en weduwees in hulle moeilike omstandighede by te staan en om jou skoon te hou van die besmetting van die wêreld.

Vader van almal, leer my om onophoudelik ‘n OFFER VAN LOF EN DANK AAN U TE BRING…

Heb.13:15: Laat ons dan onophoudelik deur Jesus aan God ‘n offer van lof bring, dié lof wat aan Hom gebring word deur die lippe wat sy Naam bely.

Maandelikse Gebedsfokusse: Desember – Maart 2012

Die gebedsfokusse op hierdie bladsy is bedoel om diegene wat betrokke is by 24-7 gebedshuise aan te moedig om oor dieselfde tydperk op dieselfde gebedsonderwerpe te fokus in gebed. Kerke kan hierdie fokusse op enige manier gebruik waar hulle dit nuttig mag vind. Hierdie is slegs riglyne en gebedswag-koördineerders kan hulle eie fokusse hierby voeg soos die Heilige Gees hulle lei. Wil jy dit nie oorweeg om hierdie gebedsversoeke op kreatiewe maniere in jou gebedskamer op te plak of in jou stiltetyd te gebruik nie? Sê ook vir ander daarvan en moedig hulle aan om oor hierdie sake te bid tydens elkeen van die maandelikse fokusse. Meer inligting oor hierdie sake is gratis beskikbaar op ons webruimte by:

www.jwipn.com Onthou om ook vir ons weeklikse Global Prayer Alert in te skryf wat weekliks fokus op aktuele sake deur 'n e-pos te stuur aan cape@jwipn.com

Desember: Fokus op dwelmverslawing en die gevolge daarvan
Baie kinders eksperimenteer met dwelms om te sien wat gebeur, veral tydens die vakansies of wanneer hulle verveeld is. Gedurende Desember fokus ons daarop om te bid dat die Here se hand die lewens van kinders, dwelmhandelaars (dikwels ook kinders) en dwelmbase sal aanraak. Ook dat dwelmnetwerke ontbloot en effektief toegemaak sal word. Die doel van hierdie fokus is o.a. om bidders in te lig oor die verskillende tipes dwelms en die uitwerking daarvan en hoe om te bid vir familie, vriende en kennisse wat in dwelmmisbruik vasgevang is. Dwelmmisbruik is een van die dinge wat ouers se harte breek en wat onbeskryflike lyding veroorsaak. Laat ons uitroep na die Here terwyl ons oor hierdie saak bid gedurende Desember.

Januarie: Die belangrikheid van Intersessie
Intersessie het vir ons 'n bekende en algemene woord geword. Gedurende Januarie gaan ons net weer kyk na 'n aantal belangrike aspekte van die geestelike werk wat Christene deur intersessie moet doen. Ons gebruik riglyne uit boeke van Dr. Andrew Murray om ons net weer helder te laat dink oor wat die wese van intersessie is. Die kerk, so het Dr. Andrew Murray gesê, moet sewe maal meer bid as ons die vooruitgang van die evangelie wil sien. Ons leef verseker nou in 'n tyd waar ons sewe maal meer gebed nodig het.

Februarie: Groei in intimiteit met God
Gedurende Februarie gaan ons 'n ernstige fokus op intimiteit met God hê en om 'n in persoonlike verhouding met God te lewe. Ons moet voortdurend hieraan aandag gee. Dit is die kern van ons geestelike groei. Dit is vanuit hierdie diep intimiteit en verhouding met God, dat ons Sy stem hoor en reageer op Sy bevele, waarskuwings en leiding. Maak Februarie vir jouself 'n maand waarin jy opnuut na dieper intimiteit met God gaan soek.

Maart: Die sosiale verantwoordelikheid van die Kerk
Jesus het gekom vir mense in nood. Hy het gekom vir sondaars en vir mense wat arm, blind, naak, verslaaf, honger en dors of in gevangenskap is – fisies of geestelik. Maart se fokus val op hierdie mense. Mag God ons oë oopmaak dat ons die nood van mense rondom ons sal raaksien en sal weet hoe om hulle te help. Die Kerk in Suid-Afrika maak reeds (ten spyte van allerlei ander bewerings) 'n beduidende impak op die nood van mense. Daar is egter soveel meer wat die kerk kan en moet doen. Dit is wanneer die kerk aan die sosiale nood van mense aandag gee, dat ons evangelie nuwe geloofwaardigheid kry. In Jak.2:17 lees ons geloof sonder werke is dood.

Oorleef die vakansie – Oorwin kritiek

God se hart vir jou wanneer ons gekritiseer word. Die menslike natuur sê doen aan ander wat hulle aan jou doen – belediging vir belediging, hou vir hou. Een van Jesus se duidelikste uitdagings aan ons is om dit juis nie so te doen nie, maar "in die Gees" op te tree, veral wanneer ons as families aan die einde van die jaar saam vakansie hou. Om deur die Gees beheer te word eerder as om deur omstandighede beheer te word, is nie natuurlik vir die menslike natuur nie. Om Geesvervuld te wees word slegs natuurlik vir die nuwe natuur wat die gelowige by verlossing ontvang – die natuur en denke van Jesus. Om kwaad met kwaad te vergeld is natuurlik, maar om kwaad te vergeld met die goeie is die bonatuurlike werk wat Christus binne-in ons doen.

MAANDAG

God se hart: *Moet jou nie deur die kwaad laat oorwin nie, maar oorwin die kwaad deur die goeie* (Rom.12:21).
Wat ek moet doen: Waarom doen mense sekere dinge en waarom sê hulle die dinge wat hulle sê? Vra die Here om jou te help om die waarheid agter die kritiese woorde van ander te onderskei en om Sy hart vir hulle te hoor. Jy mag dalk die enigste mens wees deur wie hulle 'Jesus' ooit sal beleef.
Wat ek moet bid: Here, help my om nie al die kritiese woorde as die waarheid te aanvaar nie, maar om ook nie al die kritiek as leuens te verwerp nie. Help my om die leuen van die waarheid te onderskei. Plaas 'n heining van beskerming rondom my verstand sodat ek elke leuen kan verwerp. Laat my hart toe om opbouende kritiek te aanvaar sodat U waarheid in my lewe kan werk en my kan vrymaak. Help my om volgens U wil te bid vir kritiese mense.

DINSDAG
God se hart: *'n Mens wat met wysheid bedeel is, word verstandig genoem, en as hy sy woorde reg kies, kan hy ook ander leer* (Spr.16:21).
Wat ek moet doen: Wees oop vir die geringste element van die waarheid wanneer jy gekritiseer word. Dit mag wees dat die Here probeer om vir jou iets te sê, al kom dit deur 'n ongeloofwaardige kanaal. Wees nederig genoeg om te luister.
Wat ek moet bid: Here, as daar enige waarheid steek in die kritiese woorde wat oor my gesê word, oortuig my asseblief diep in my hart sodat ek dit kan bely en met U kan saamwerk om dit te verander. Help my om die mense wat krities teenoor my is te seën of hulle nou reg is of nie. Help my om vir hulle U hart te wys.

WOENSDAG
God se hart: *'n Enkele dreigement maak meer indruk op 'n verstandige mens as honderd houe op 'n dwaas* (Spr.17:10).
Wat ek moet doen: Wees gewillig om na te dink oor die kritiek. As dit waar is, is dit die Here se megafoon om jou aandag te kry. Jy kan reageer deur te sê: Ek het myself nog nooit so gesien nie / 'n situasie soos die beleef nie. Wat doen ek wat veroorsaak dat jy so sê / dit doen?
Wat ek moet bid: Here, ek aanvaar hierdie kritiek as U manier om vir my iets te leer wat ek behoort te weet. Openbaar asseblief vir my wat dit is wat U vir my wil sê deur hierdie kritiek. Help my om nie my hart te verhard nie, maar om in staat te wees om U hart te hoor. Help my ook om te onderskei tussen leuens en waarheid.

DONDERDAG
God se hart: *In die dwaas se oë is sy eie pad die regte; wie wysheid het, luister na raad* (Spr.12:15).
Wat ek moet doen: Probeer om kritiek te ontvang sonder om verdedigend te wees. Erken wanneer daar enige waarheid in die kritiek is. As jy vry voel om dit te doen, vra vir hulle om saam met jou te bid oor die dinge waaroor hulle jou gekritiseer het. Dit mag hulle dalk net aanmoedig om self oop te wees vir regstelling!
Wat moet ek bid: Here, ek erken dat ek (noem die aanklag). Ek erken dat ek verkeerd was. Hou asseblief aan om ander te gebruik om my op die regte pad te hou wanneer ek in my gesindhede of dade op die verkeerde pad beland. En hou asseblief aan om my meer en meer na die karakter van Christus te verander.

VRYDAG
God se hart: *Klink dit nou asof ek die guns van mense soek, of soek ek die guns van God? Probeer ek by mense in die guns kom? As ek nog steeds die guns van mense soek, sou ek geen dienaar van Christus wees nie* (Gal.1:10).
Wat ek moet doen: Vra die Here om vir jou 'n sagte hart te gee vir mense wat hulle standpunte op jou probeer afdwing om jou te manipuleer om te doen wat hulle wil hê.

Wat ek moet bid: Here, dankie dat U my waardig genoeg geag het om vir my te sterf en my in U familie in te neem. Ek sal nie leef vir die goedkeuring van mense nie, omdat ek U goedkeuring het en dit is al wat ek nodig het. Dankie dat U my liefhet.

Jy word nie gebore met jou gewoontes nie – jy maak hulle en jy dra hulle. Jou gewoontes kan die vodde wees van selfgesentreerde verslawings of die kleed van Christusgesentreerde selfbeheersing. – June Hunt.

Mans wat bid
Maak hierdie jaar 'n nuwe begin – bid vir jou vrou!

Die vakansie is verby en dikwels is daar meer spanning as ontspanning in huishoudings en gesinne. Begeer jy dat jou verhouding met jou lewensmaat 'n nuwe begin moet hê? Om as 'n paartjie Bybel te lees en te bid, kan in later jare net so moeilik word soos wat dit maklik aan die begin was. Wil julle nie as 'n paartjie besluit om hierdie jaar vir mekaar te bid nie? Aanvanklik kan julle afsonderlik bid. Vra die Here om julle te lei en julle nader aan mekaar te bring en ook in julle verhouding met Hom, sodat julle mettertyd bymekaar kan sit en vir mekaar kan bid. Hierdie is net riglyne. Julle kan byvoeg soos die Heilige Gees julle lei.

Wat bid ek hierdie nuwe jaar vir my vrou

1. Bid vir geestelike groei, groter geloof en 'n heilige lewe.
2. Bid vir haar rol as moeder en haar verhouding met haar kinders.
3. Bid vir haar verhoudings met haar vriende en ander mense.
4. Bid vir die boeke wat sy lees, TV programme waarna sy kyk en sosiale geleenthede wat sy bywoon.
5. Bid dat sy haar prioriteite reg sal kies en daarvolgens sal leef.
6. Bid vir haar skoonheid, klere en versorging.
7. Bid dat haar seksualiteit rein en oop vir jou sal wees.
8. Bid vir haar vrese en haar bekommernisse (moet haar nie hieroor veroordeel nie).
9. Bid dat sy haar godgegewe lewensdoel sal behou en haar drome uitleef.
10. Bid vir emosionele stabiliteit en 'gemoedswentelinge'.
11. Bid vir haar fisiese beskerming, sterkte en gesondheid.
12. Bid vir beskerming teen aanvalle op haar gemik deur die Bose. Bid dat haar werk en bediening voorspoedig sal wees.
13. Bid vir haar toekoms – vir sekuriteit, hoop en vreugde.
14. Bid dat sy bo alles gehoorsaam aan die Here sal wees.
15. Bid dat sy vervul sal wees met die Heilige Gees en dat sy die vrug van die Gees sal produseer.
16. Bid dat die sewevoudige Gees van God in haar lewe sal opereer volgens Jesaja 11:2.
17. Bid dat sy die Here se vrede in haar daaglikse aktiwiteite sal ervaar.
18. Bid dat sy die lewe betekenisvol sal vind en in vreugde sal blom.
19. Bid vir haar rol as eggenote en vriendin.
20. Bid teen alle vorme van misleiding, versoeking en derde partye in die huwelik. Weerstaan alle vorme van egskeiding, wellus en onreinheid.
21. Bid vir wysheid en onderskeiding in die Gees.
22. Bid vir haar verhouding met haar ouers en skoonfamilie.
23. Bid dat sy emosioneel gevoed sal voel in julle verhouding.
24. Bid dat sy sal weet sy word waardeer, dat sy waarde het, veilig sal voel en bid teen enige gevoel van minderwaardigheid.
25. Bid dat sy in staat sal wees om deur al die pyn van die verlede, verwerping en teleurstellings te werk en dat sy genesing sal ontvang.

26. Bid dat jy so sal leef dat jou vrou jou leierskap en leiding sal wil aanvaar.
27. SEËN jou vrou (Num.6:24-26, 1 Kron.4:9).
28. Dank en prys Hom daagliks vir jou vrou.

Vroue wat bid
Maak hierdie jaar 'n nuwe begin – bid vir jou man!

Die vakansie is verby en dikwels is daar meer spanning as ontspanning in huishoudings en gesinne. Begeer jy dat jou verhouding met jou lewensmaat 'n nuwe begin moet hê? Om as 'n paartjie Bybel te lees en te bid, kan in later jare net so moeilik word soos wat dit maklik aan die begin was. Wil julle nie as 'n paartjie besluit om hierdie jaar vir mekaar te bid nie? Aanvanklik kan julle afsonderlik bid. Vra die Here om julle te lei en julle nader aan mekaar te bring en ook in julle verhouding met Hom, sodat julle mettertyd bymekaar kan sit en vir mekaar kan bid. Hierdie is net riglyne. Voeg by die lys soos die Heilige Gees lei.

Wat bid ek hierdie jaar vir my man?

1. Bid vir sy werk en sy verhoudings met kollegas.
2. Bid vir sy hantering van finansies.
3. Bid vir seksualiteit en reinheid.
4. Bid vir beskerming teen versoekings.
5. Bid vir die beskerming van sy gedagtes.
6. Bid vir al sy planne en drome.
7. Bid vir sy vrese en bekommernisse.
8. Bid vir sy daaglikse keuses en besluite.
9. Bid vir sy beskerming en gesondheid.
10. Bid vir hom in moeilike tye.
11. Bid vir sy integriteit en reputasie.
12. Bid vir sy prioriteite en sy toekoms.
13. Bid vir al sy verhoudings; met jou, sy kinders en vriende.
14. Bid vir sy rol as vader.
15. Bid dat hy vrede sal maak met sy verlede (pyn, verwerping en teleurstellings).
16. Bid vir 'n positiewe uitkyk op die lewe.
17. Bid vir sy emosies en hantering van konflik en pyn.
18. Bid vir sy daaglikse wandel met God.
19. Bid dat hy sy rol as priester sal verstaan en dit sal uitleef.
20. Bid vir geestelike groei en 'n heilige lewe.
21. Bid vir gehoorsaamheid aan God.
22. Bid dat hy vervul sal wees met die Heilige Gees en dat hy die vrug van die Gees sal produseer.
23. Bid vir die werkinge van die sewevoudige vrug van die Gees van God in sy lewe volgens Jes.11:2.
24. Bid dat hy die rol as priester in die huis sal vervul.
25. Bid vir gebrokenheid, nederigheid en dat hy alle sondes sal bely en laat staan.
26. Bid vir sy gesprekke, raad wat hy gee en sy invloed.
27. Bid vir sy selfbeeld en dat hy die Vaderliefde van die Vader sal verstaan en ervaar.
28. Bid dat hy sterk sal wees, versoeking sal weerstaan en vir beskerming teen die aanvalle van Satan, teen misleiding en derde partye in die huwelik asook enige vorm van egskeiding, wellus en onreinheid.
29. Bid dat hy sy hart met jou sal deel en jou sal insluit in sy wêreld.
30. SEËN jou man en dank God vir hom.

Wanneer is 'n leuen 'n leuen?

Wat is eerlikheid en waarom is dit so belangrik? Wat is verkeerd met ‘n klein, wit leuentjie? Die Bybel is baie duidelik oor eerlikheid. Die Here het Christentieners geroep om eerlik te wees. Selfs klein, wit leuentjies om iemand se gevoelens te beskerm, kan jou geloofsintegriteit beskadig. Onthou, as ons die waarheid praat en leef sal dit mense rondom ons help om die Waarheid te leer ken. Jesus het gesê Hy is die Weg, die Waarheid en die Lewe (Joh.14:6). As Jesus Waarheid is, beteken dit dat as ons wegbeweeg van Jesus af, beweeg ons weg van die waarheid af. Om eerlik te wees beteken om in Jesus se voetspore te volg en Hy vertel nie leuens nie. As dit die Christentiener se doelwit is om meer soos die Here Jesus te wees, dan moet eerlikheid beslis ‘n prioriteit wees.

Maandag: ***Dit openbaar ons karakter***. Eerlikheid is ‘n direkte weerspieëling van jou innerlike karakter. Jou dade is ‘n refleksie van jou geloof en om die waarheid te reflekteer in jou optrede is deel van ‘n goeie getuienis. As ons leer hoe om eerlik te wees, sal dit ons ook help om ‘n skoon gewete te behou. Lukas 16:10 Wie in die kleinste dinge betroubaar is, is ook in die groot dinge betroubaar; en wie in die kleinste dinge oneerlik is, is ook in groot dinge oneerlik. Spreuke 12:5 Die mening van regverdiges kan die toets van die reg deurstaan; die slim raad van goddeloses is onbetroubaar. Vader, reinig my hart sodat my dade my liefde vir U kan reflekteer.

Dinsdag: *God se begeerte*: Terwyl jou vlak van eerlikheid ‘n refleksie van jou karakter is, is dit ook ‘n manier om jou geloof vir ander te wys. Levitikus 19:12: Julle mag nie ‘n vals eed aflê in my Naam en so die Naam van julle God ontheilig nie. Ek is die Here. Eksodus 20:16: Jy mag nie vals getuienis teen ‘n ander gee nie. Psalm 119:160: Op u woord kan ‘n mens hom geheel en al verlaat. Al u bepalings is regverdig. Hulle staan vas. Vader, reinig my hart sodat my dade kan reflekteer dat ek in U glo.

Woensdag: *Hou jou geloof sterk*: Om eerlik te wees is nie altyd maklik nie. As Christene weet ons hoe maklik dit is om in sonde te val. Die wêreld bied nie vir ons maklike omstandighede nie en soms moet ons regtig daaraan werk om ons oë op die Here te hou vir antwoorde. Om eerlik te wees kan soms seer maak, maar die wete dat jy besig is om te doen wat die Here van jou vra, sal jou op die ou end meer getrou maak. Spreuke 11:3: Die opregtheid van eerlike mense bepaal hulle koers; die valsheid van onbetroubares bring hulle ondergang. Vader, reinig my hart sodat my dade kan reflekteer dat ek U meer eer as myself.

Donderdag: *Lieg jy vir jouself?* Eerlikheid is ook nie net hoe jy met ander praat nie, maar ook hoe jy met jouself praat. Terwyl nederigheid en beskeidenheid goed is, is dit nie die waarheid as jy te hard op jouself is nie. En ook, wanneer jy te veel van jouself dink, is dit sonde. Daarom is dit belangrik vir jou om die balans tussen jou seëninge en jou tekortkominge te ken sodat jy kan aanhou groei. Romeine 12:3: Kragtens die genade wat aan my gegee is, sê ek vir elkeen van julle: Moenie van jouself meer dink as wat jy behoort te dink nie. Nee, lê jou liewer daarop toe om beskeie te wees in ooreenstemming met die maat van geloof wat God aan elkeen toebedeel het. Vader, reinig my hart sodat my dade U beeld in my lewe kan weerspieël.

Vrydag: *Die loon van die sonde is die dood!* Al is dit nie onvergeeflik nie, sê Levitikus 6:2-7 dat leuens ‘n ernstige sonde is. Onder die wet was die straf vir ‘n vals getuienis die dood: Deuteronomium 19:16-21. In die Nuwe Testament lees ons dat Ananias en Saffira onmiddellik gesterf het omdat hulle openlik vir die Heilige Gees gelieg het: Handelinge 5:1-11. Aan die einde van tyd sal die straf vir alle leuenaars die poel van vuur wees: Openbaring 21:8. Vader, reinig my hart sodat ek ook eendag met vrymoedigheid voor U oordeelstroon kan staan oor wat Jesus vir my gedoen het.

'One Day' Getuienisse – Suider-Paarl Tienerkerk

Hier volg getuienisse van jongmense in die Paarl en hulle belewenis van die tye wat hul gebid het tydens die One Day in hul gemeente.

Eerste One Day: Ons Tienerkerk het aan die begin van die jaar reeds besluit ons wil deelneem aan die One Day inisiatief en het vir vier One Days geregistreer. Ons eerste One Day was op 'n Woensdag, wat ook deel was van ons gemeente se week van gebed. Daar het maar net 6 tieners deelgeneem, waarvan twee opgedaag het vir die aand se byeenkoms. Ons het 'n bietjie gesels oor wat skuldbelydenis is en hoekom dit nodig is. Hierna het ons saam 'n paar keer deur Psalm 51 gelees. Toe het ons saam deur dieselfde Psalm gebid, eers vir onsself, toe die kerk en daarna vir Suid-Afrika. Dit het ons 'n groter begrip gegee van **God se hart** vir ons om ons sondes voor Hom te bely.

Tweede One Day: Vanaf ons tweede One Day het ons die Tienerkerk se One Days na Sondae geskuif, omdat daar dan nie skool of sport verpligtinge is nie. Tydens hierdie One Day het ons gefokus op die munisipale verkiesing wat om die draai was. Ons het die drie Sondae voor die tyd vir tieners begin leer hoe om vir Suid-Afrika te bid met die kleure van die landsvlag. Met hierdie One Day het 68 tieners deelgeneem en die 24 uur is die eerste keer volgemaak! Elkeen wat deelgeneem het, het 'n boekie gekry wat die kleure van die landsvlag met Skrif verduidelik het, met 'n gebed en teksverwysings vir elke kleur en riglyne oor wat om te bid vir die verkiesing. Dit was lekker kreatief en die jongmense het dit geniet.

Derde One Day: Tydens die derde One Day het ons vir die Moslems gebid, juis omdat ons One Day hierdie keer binne die tydperk van Ramadaan geval het. Ongeveer 60 tieners het hierdie keer deelgeneem en weer 24 uur volgemaak. Twee van die tieners het selfs 2 ure gevat om te bid! Ons gebedsfokus was om elke uur 12 van God se Name oor die Moslems te bid en te proklameer. Elke tiener wat deelgeneem het, het ook 'n boekie gekry met God se Name, teksverwysings en riglyne hoe om te bid. Een van die tieners het self gesê: "Dit is great om te weet almal bid aaneen. En dat die Moslems moet weet God is die ware God."

Persoonlike getuienis van een van die jongmense: Ek het met ons Word Watch die een aand 'n interessante ervaring gehad toe ek moes lees. My leesbeurt het aan die einde van Galasiërs begin. Toe ek by Filippense 1:27 kom het ek skielik net so hartseer geraak, maar het aanhou lees. Maar dit het gevoel asof die hartseer net meer intens raak. Ek besluit toe om net eers te stop en vir Vader te vra wat dan nou met my gebeur. Ek het duidelik in my gees ervaar dat Hy sê: "Dit is My hart." Nou het ek met meer aandag verder gelees. Toe my leesbeurt verby is, het ek gevoel die hartseer is weg. Hierdie gedeelte gaan oor die "vermaning tot standvastigheid, eenheid en nederigheid." Ek het regtig daardie dag iets van Vader se hart ervaar vir Sy Kerk.
Ons webruimte waar ons al die "wat om te bid" info plaas: www.youth24-7.webs.com

Sendingfokus:
12 Maniere om 'n effektiewe sendingmobiliseerder te wees in 2012

George Verwer, stigter van Operasie Mobilisasie (OM) en Voorsitter van Sendingmobiliseringsnetwerk (verkort): 'n 'Sendingmobiliseerder' verwys na 'n Christen wat 'n visie het vir die vervulling van die Groot Opdrag. (Matt.28:18-20). As ons die wêreld geëvangeliseer wil sien, glo ek sendingmobilisering is iets waarin o.a. elke toegewyde Christen betrokke moet wees. Dit is belangrik om te verstaan dat die Here elkeen wat vir Jesus lief is, in hierdie groot taak kan gebruik. Die Here het my in sending en sendingmobilisering ingestuur toe ek maar net 17 of 18 jaar oud was. Wanneer ek terugkyk op vier dekades van OM se vroeë begin, is ek verheug oor byna 100 000 manne en vroue – meestal jongmense, maar nie uitsluitlik nie – wat vir sending gemobiliseer is. Die meeste het net vir een jaar by

ons aangesluit, maar ‘n verbasende persentasie van daardie mense is nou betrokke by sendingmobilisering of in sending. Hulle is oral in die veld besig om kerke te plant onder die onbereiktes - op baie verskillende maniere. Baie van hulle is terug in doodgewone beroepe waarna ek verwys as die markpleinbediening waar hulle op verskillende vlakke probeer om wêreldsending te bevorder.

Twaalf beginsels waarop jy ‘n effektiewe sendingmobiliseerder kan wees:

Maak ‘n realistiese en Bybelse oorgawe aan die Here Jesus Christus en Sy Heerskappy: Dit is ‘n voortdurende proses. Ek dink dit is uiters belangrik terwyl ons oor sending besin, om weer ‘n keer te bevestig dat ons prioriteit is om die Here te ken, met Jesus te wandel en die voortdurende realiteit van Sy Heilige Gees in ons lewens te ervaar. Ons glo die Heilige Gees is die Hoof Uitvoerende Beampte van wêreldsending. Dit word so duidelik gesien in gedeeltes soos Handelinge 13. Hierdie Christenleiers het op die Here gewag in gebed en die Here het, deur die kerk, die eerste sendingspan, wat Paulus en Barnabas ingesluit het, in die oesland ingestuur.

Neem eienaarskap van wêreldevangelisasie: Dit sluit ‘n sin van verantwoordelikheid in. Ons het nodig om te sien dat soveel as moontlik van die hele liggaam van Christus (honderde miljoene!) eienaarskap van hierdie groot werk neem. Ons het veral ‘n behoefte om ‘n groter sendingbasis onder gelowiges te sien. Dit vereis die ontwikkeling van ‘n groter begrip en kennis van die uitdaging wat voor ons lê. Dit is waarom boeke soos Operation World, deur Johnston en Mandryk so noodsaaklik is.

Maak gebruik van gebed en geestelike oorlogvoering: Dit is noodsaaklik dat ons miljoene gebedsgroepe oor die wêreld sien gebore word. Verskillende gelowiges benader gebed uit verskillende oogpunte, maar sonder gebed sal mobilisering nooit plaasvind nie. Ons het die duidelike lering in Matt.9:37 dat as ons werkers nodig het, ons die werkers in die oesland moet inbid. Sendingmobilisering, in ‘n sekere sin, begin op ons knieë. Broers en susters, ons moet onsself toewy aan intersessie-gebed wat nie net die werkers beskikbaar sal maak nie, maar ook finansies vir wêreldsending. Ons moet Bybelse fondsinsameling verstaan.

Lê doelwitte biddend vas: As voorsitter van die netwerk vir die mobilisering van nuwe sendelinge, het ons na bespreking, gebed en besinning besluit om te mik vir 200 000 nuwe werkers vir die oesland. Wanneer ons hieroor besin en bid, is Luk.14:25-33 ‘n belangrike Skrifgedeelte om te oorweeg. Hier word ons duidelik gemaan om die koste te bereken. Elke sendinggenootskap moet doelwitte hê. Elke individuele kerk moet dit ook hê. Dan kan daar ook nasionale doelwitte wees wat deur ‘n sambreelgroep in ‘n land vasgestel word. Het jy persoonlike doelwitte met betrekking tot sendingmobilisering en die finansies wat so uiters dringend benodig word in die sending? Ons het oral kleingroepe nodig, kerke en sendingkomitees wat tyd sal inruim om duidelike doelwitte te ontwikkel vir wêreldevangelisasie.

Vergroot jou kennis van wêreldsending: Ons het nodig dat ons indringende materiaal sal lees, na sleutelvideo’s en -DVD’s sal kyk en luister na belangrike CD’s wat betrekking het op wêreldsending. Dan moet ons ander mense oortuig om na hierdie inligting te luister. Literatuur en die gebruik van elke soort medium moet tienvoudig vermeerder as ons die baie doelwitte wat ons gestel het, wil bereik. Ek voel baie sterk hieroor en dit gaan ‘n enorme vrystelling van finansies verg. Ons weet dit het te doen met verlore mense; regte mense wat die ewigheid ingaan sonder die kennis van Jesus Christus.

Versamel inligting by Geopende Deure vir nuwe werkers: Elke sendingmobiliseerder moet in aanraking wees met minstens ‘n dosyn sendingorganisasies, hulle inligting kry en leer oor nuwe geleenthede. Dit vereis korrespondensie, telefoonoproepe, fakse, e-posse en al die metodes van kommunikasie wat ons vandag het. Ons het duisende sendingmobiliseringspanne nodig wat voltyds

aan hierdie taak gaan werk. Maar ek glo dat die grootste werk deur die leek gedoen gaan word, of deur mense wat gewone 8 – 5 beroepe het. Ons mag nie kompetisie toelaat tussen diegene wat voltyds werk en diegene wat net deeltyds by sendingaksies betrokke is nie.

Kweek goeie gemeenteverhoudings: Elke toegewyde mobiliseerder behoort by 'n plaaslike gemeente betrokke te wees. Ons in sendingorganisasies weet dat ons kerke kan seermaak wanneer ons nie sensitief te werk gaan nie of wanneer ons beterweterig of voorskriftelik is. Dit gaan die hele tyd 'n opdraande stryd wees, maar ek glo ons gaan 'n nuwe tyd tegemoet met betrekking tot ons gemeenteverhoudings wanneer ons deur die krag van die Gees beweeg met nederigheid en openheid. Ons gaan leer om saam te werk sodat ons die regte persentasie finansies uit die plaaslike kerk sien uitbeweeg na die streke daar ver wat so dikwels net die 'krummels van die tafel' vir sending ontvang. Ons weet dat baie op universiteitsvlak kan gebeur. Kom ons bid vir studentegroepe op nabygeleë kampusse.

Wees aktief in die uitdeel van sleutelboeke, CD's, DVD's en ander materiaal: Die Here het vir ons fantastiese gereedskap gegee, maar die uitdeel van hierdie kragtige bronne is dikwels so stadig. Sal jy 'n daadwerklike poging aanwend om toegewyd betrokke te raak by die uitdeel van sulke materiaal in jou eie gemeente? Twee boeke wat jy behoort te hê is Betty Barnard se *Friend Raising: Building A Missionary Support Team that lasts*; en Neal Pirolo se *Serving As Senders*. Nog 'n boek is *Priority One* deur Norm Lewis. Een van my belangrikste gebedsversoeke is om meer van hierdie materiaal vertaal te sien in ander tale.

Ag ander hoër as onsself: Die Here het al baie verskillende kerke, genootskappe en bewegings gebruik ten spyte van hulle swakhede en mislukkings en sonde. Ons kan nie almal op 'n praktiese vlak saamwerk nie, maar ons kan almal 'n goeie gesindheid hê teenoor die hele liggaam van Christus en ander genootskappe. Laat ons mekaar ingelig hou oor sendinggebeure, maak nie saak hoe klein hulle is nie. Ons moet luister na hulle wat nie met ons saamstem nie. Ons moet luister na diegene wat dink ons is ekstreem sodat ons eenheid kan bou en so kan aangaan met ons prioriteite.

Kry oral mense betrokke by evangelisasie: Ons moenie na evangelisasie by die huis kyk as iets wat met evangelisasie in ander dele van die wêreld kompeteer nie. Ons het nou mense van onbereikte mensegroepe wat tussen ons woon. Dit sluit studente in wat van die behoeftigste lande af kom. Ons kan etniese minderheidsgroepe evangeliseer net daar waar ons is. Terselfdertyd is dit waardevol om mense uit hulle eie lande na ander lande te neem. Dit is beide 'n leerkurwe sowel as die Here se strategie vir evangelisasie en kerkplanting. Ons het baie bewyse hiervan. Probeer dus die mense wat jy vir sending beïnvloed so gou as moontlik in 'n korttermynsending te kry! 'n Opwindende aantal beroepsendelinge – en ons het meer beroepsendelinge nodig – kom uit korttermynsending. Die Here lei mense op verskillende maniere. Vir sommige mag dit 'n someruitreik wees of vir een of twee jaar en dan kom hulle terug huis toe as 'n stuurder en nie as 'n werker/ganer nie. Ons weet in 'n wyer sin moet ons albei wees.

Formele Opleiding: Die meeste Bybelskole en 'n hele paar Christenkolleges het 'n redelike betekenisvolle benadering tot sending. Sendinggenootskappe werk tradisioneel nou saam met hulle. Prys die Here vir hierdie netwerk. Sommige van julle moet dit oorweeg om vir 'n jaar of twee na 'n Bybelskool te gaan en miskien sending julle hoofrigting maak terwyl julle in die Woord van God geanker raak. Ons soek egter nie net na teoloë en gesofistikeerde kerkplanters wat briljant is met die aanleer van tale nie. Ons het mense agter die skerms nodig. Ons het motorwerktuigkundiges, sekretaresses, boekhouers en rekenaarwerkers nodig. Ons het personeel nodig vir die kantore in hulle eie lande (stuurland). Daarom moet ons 'n oorkoepelende strategie in plek hê wat almal sal inbring en wat baie sal insluit wat nooit die voorreg gehad het van tersiêre opleiding nie. Weer en weer het ons gesien hoe

die Here gewone mense uitstuur. Die eerste uitdaging is nie geografie nie, dit is realiteit. En as jy in die hart van die sendingbeweging wil wees, moet jy sorg dat jy in 'n stroom van mense kom wat in daardie rigting beweeg.

Wees bewus van die probleme waarmee jy te doen gaan kry as jy in mobilisering inbeweeg: Daar sal mislukkings en teleurstellings wees. Onthou dat teleurstelling in evangelisasie God se afspraak met ons is om ons iets groter en iets beter te leer. Ons moet leer om te staan teen die vurige pyle van ontmoediging. Ek het my hele Christelike lewe hiermee geworstel, ongeveer 50 jaar. Maar God se genade is genoegsaam. Groot, Bybelse geloof wat berge verskuif kom nie in die afwesigheid van twyfel en stryd en ontmoediging en ja, selfs sonde nie! Geloof kom te midde van hierdie dinge wanneer ons die reiniging deur die kosbare bloed van Christus vir onsself toeëien. Dit kom wanneer ons onsself vernuwe deur die werk van die Heilige Gees en teruggaan na die kruis en na gehoorsaamheid.

Kinders wat bid vir godvresende vriende

Die vriende wat jy maak wanneer jy jonk is bepaal gewoonlik die tipe lewe wat jy gaan leef as jy groot is. Daarom, wees wys in die dae van jou jeug, vra die Here om jou pad te laat kruis met die vriende wat Hy vir jou in gedagte het! Gebruik aan die begin van die jaar tyd om die Here te vra dat Hy vir jou godvresende vriende sal gee – en maak self die keuse om 'n godvresende vriend vir ander te wees.
Maandag: Vra Hom om vir jou goeie, godvresende vriende te gee wat jou positief sal beïnvloed en aanmoedig om nader aan Hom te groei.
Dinsdag: Vra vir die Here vriende wat vir jou die waarheid in liefde sal sê (Spr.27:6) en wat vir jou wyse raad sal gee (Spr.27:9).
Woensdag: Bid vir vriende wat jou sal slyp as 'n persoon (Spr.27:17) en jou sal help om in wysheid te groei (Spr.13:20).
Donderdag: Vra vir die Here eerlike vriende wat naby aan jou sal bly (Spr.18:24), jou sal liefhê en by jou sal staan (Spr.17:17) en jou sal help in tye van nood (Pred.4:9-10).
Vrydag: Bid vir wysheid om ongewenste vriende raak te sien wat onsedelik is en geen respek vir ander het nie (1 Kor.5:11), vriende wat gereeld verander en onstandvastig is (Spr.24:21-22) en wat opvlieënd van aard is (Spr.22:24-25).
Saterdag: Bid dat die Here jou in jou hart sal waarsku wanneer ongewenste vriende vir jou goddelose raad gee (Ps.1:1), of raad wat lei tot ongehoorsaamheid aan die bevele van die Here (Ps.119:63).
Sondag: Dank God elke dag vir die vriende wat jy het. Vra vir Hom hoe jy ook vir hulle 'n seën en 'n godvresende vriend kan wees.
(Bron: *The Power of a Praying Woman Bible – Prayer and Study Help* deur Stormie Omartian, bl.1112).

Getuienisse: Warmte deur gebed in 'n tronksel

'n Werker in die Midde-Ooste vertel hierdie verhaal: "Nadia was 'n paar maande lank in die gevangenis vir haar geloof. Die gevangenisowerhede was ontsteld oor haar reaksie en het haar vier dae lank in 'n afsonderingsel (2x3 meter) gesit. Daar was geen toilet- of wasgeriewe nie. Sy vertel self: 'Teen hierdie tyd het ek baie koud gekry en dit was vir my baie moeilik. Skielik het ek gevoel hoe warm lug in my gesig geblaas word. Die lug was so warm dat ek begin hoes het toe ek dit inasem.' Sy het geen idee gehad waar die warm lug vandaan gekom het nie en terselfdertyd was sy vol vreugde. Die vreugde was so oorweldigend dat sy in die sel begin dans het. Dit was egter ook verwarrend. Hoe kon sy warm wees en vol vreugde in 'n koue tronksel? 'Toe het ek 'n stem gehoor'. Sy was seker dat dit nie 'n innerlike stem was nie; dit was 'n hoorbare stem. 'Dit was asof iemand hardop in die sel vir haar gesê het: "Dit is omdat mense vir jou bid. Dit is die gees van vreugde wat oor jou kom, ontvang dit." (Jes.61:3). Na haar vrylating het Nadia haar ervaring met haar suster gedeel. Toe haar suster vir haar vra presies wanneer dit gebeur het (dag, tyd, ens.), het haar suster genoem dat 32 gelowiges bymekaargekom het om vir haar daar in die tronk te bid op daardie dag en op daardie spesfieke tyd. Hulle het vir die Here gevra

om haar te troos en haar met vreugde te vul en Sy gees van vreugde oor haar uit te stort. Nadia se getuienis was ‘n groot bemoediging vir die gebedsgroep. Mag dit ander gebedsgroepe op dieselfde manier bemoedig wat vir Christene in soortgelyke omstandighede bid,” het hy gesê.
(Geopende Deure. Tel.: 011 888 9341. Webruimte: http://tinyurl.com454oqvl of e-pos: southafrica@od.org).